20

Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2020

AfriForum Tydskrif

# Meer hoop as ooit




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

# Meer hoop as ooit ... want ons skep dit self!



Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

Ek het nou baie meer hoop vir die toekoms as wat ek 20 jaar gelede gehad het! Ja, jy het reg gelees, ek het meer hoop as ooit vantevore.

Daar is mense wat my vreemd aankyk wanneer ek dié stelling maak. Gewoonlik sê hulle dan iets soos die volgende: "Hoe kan dit wees? Twintig jaar gelede het die land se ekonomie sterk gegroei en het Jacob Zuma en sy meelopers nog nie kans gehad om die staatskas op 'n groot skaal te plunder om die land op die rand van rommelstatus te bring nie. Daar was nog 'n gees van versoening in die land en haatspraak teenoor minderhede was baie meer beperk as wat vandag die geval is. Dan praat ek nie eers van die Eskom-fiasko nie."

Natuurlik is hulle reg dat die land die afgelope 20 jaar agteruit geboer het. Indien iemand sy hoop vir die toekoms onderhewig aan die ANC-regering se doen en late stel, kan ek verstaan dat so 'n persoon skepties sal wees wanneer AfriForum sê daar is meer hoop vir die toekoms as ooit.

> **Dit is met dié wete dat ek nou meer hoop as 20 jaar gelede het.**

Die verskil tussen die skeptici en AfriForum is egter dat dié organisasie lankal reeds die kopskuif gemaak het dat ons gemeenskappe se toekoms in ons eie hande neem en nie in die hande van die ANC moet plaas nie. Dit is bevrydend om te weet dat die Here ons hande aan die einde van ons eie arms en die gesonde verstand gegee het waarmee ons self die toekoms kan skep wat ons vir ons en ons nageslagte wil hê.

Dit is met dié wete dat ek nou meer

hoop as 20 jaar gelede het. Hoewel die land 20 jaar gelede 'n beter plek was, was dit tóé al duidelik dat die ANC se sosialistiese onderbou tot agteruitgang in die land sou lei. Dié wete, asook die feit dat minderhede soos Afrikaners nie 20 jaar gelede oor baie sterk instellings met 'n selfdoenvermoë beskik het nie, was genoeg om diegene wat besef het ons toekoms lê in ons eie hande, diep bekommerd te maak. AfriForum en die Solidariteit Beweging het destyds nog nie eers bestaan nie en die vakbond Solidariteit was baie kleiner as vandag.

> **"Met 'n roepingsbesef, harde werk, 'n prakties uitvoerbare plan vir selfbestuur en die ondersteuning van bykans 500 000 gesinne, staan die Solidariteit Beweging sterker as ooit.**

Nou, 20 jaar later, is die bordjies verhang. Met 'n roepingsbesef, harde werk, 'n prakties uitvoerbare plan vir selfbestuur en die ondersteuning van bykans 500 000 gesinne, staan die Solidariteit Beweging – waarvan AfriForum trots deel is – sterker as ooit. Om diegene wat nie hoop vir die toekoms het nie te wys dat daar wel hoop is, is dit van kardinale belang dat ons deurlopend die werksaamhede en suksesse wat AfriForum en die Solidariteit Beweging behaal, uitwys. Daarom word daar in hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* gefokus op 'n grafiese uiteensetting van die aktiwiteite en suksesse van AfriForum (bl. 10) en die breër Solidariteit Beweging (bl. 46).

Anders as 20 jaar gelede beskik die Solidariteit Beweging vandag oor tersiêre instellings soos Sol-Tech en Akademia, wat letterlik aan duisende jongmense hoëkwaliteitonderrig in Afrikaans bied. 'n Skole-ondersteuningsentrum (SOS) is ook gevestig, wat reusewerk doen om in samewerking met Afrikaanse skole kwaliteitskoolonderrig in Afrikaans te help verseker.

Twintig jaar gelede het AfriForum ook nog nie bestaan nie. AfriForum is die afgelope 14 jaar uitgebou van 'n organisasie met drie personeellede en geen lede tot 'n organisasie met meer as 235 000 lede, sowat 150 personeellede, 140 takke, 150 buurt- en plaaswagte en nagenoeg 10 500 vrywilligers. Die lys van AfriForum se aktiwiteite is te lank om hier te noem. Wat wel gesê kan word, is dat AfriForum steeds groei en gereed staan om nog meer sukses te behaal met ons veg-en-bouplan. Die Solidariteit Beweging se ankerdorpgemeenskapstrategie bied ook 'n stewige basis vanwaar AfriForum en ander instellings praktiese hoop op plaaslike vlak kan skep.

Ons kan, wil en gaan 'n beter toekoms vir ons en ons nageslagte skep sodat ons blywend vry, veilig en voorspoedig kan floreer hier aan die suidpunt van Afrika. Ons put ons selfvertroue om dit reg te kry, onder meer uit die voorbeeld wat ons voorgeslagte vir ons gestel het. Ons voorgeslagte het ná die Tweede Vryheidsoorlog nie hulle toekoms in die Britse koloniale owerheid se hande geplaas nie, maar het selfstandig van nuuts af 'n eie toekoms begin bou. Daar is dus geen rede hoekom ons nuwe geslagte ons toekoms in die hande van die ANC-regering hoef te plaas nie, want ons kan soos ons voorgeslagte 'n selfstandige toekoms bou.

Hierdie gees van om self 'n toekoms te bou word baie goed beskryf in 'n brief wat 'n onbekende vrou ná die verwoesting van die Tweede Vryheidsoorlog op 4 Augustus 1902 geskryf het:

*Daar is nou vrede in die land, maar nie soos ons verwag het nie. Die twee klein Republieke bestaan nie meer nie. Almal van ons het ons wapens afgegee. Maar ons moenie treur soos een wat geen hoop het nie. Ons moet glo en hoop en vertrou. Ons besit op die oomblik vier perde, twee muile en 'n paar skape. Gister het ek 'n emmer koring gesaai. Sodra ek kan, sal ek nog saai en plant. As Pa van Ceylon af terugkom, sal ons spoedig weer 'n boerdery op die been kan bring.*

Ons voorgeslagte het dit al gedoen – ons kan dit weer doen. Daarom is daar meer hoop as ooit!

